

Gebed in on-reg

Lukas 18:1-8

Inleiding

- Ons swem vandag in die onreg asof dit water is.
- Oral om ons in Suid-Afrika is onreg:
 - Ou mense wat vir pensioene in koue rye moet staan terwyl die burgemeester nog 'n blinker kar bestel.
 - Kindertjies wat hard werk maar nie gekies word nie, want pappa en mamma borg nie die skool-lapa nie.
 - My broer of suster is eintlik die rakker... maar dis asof my ouers daarvoor blind is.
- Dis ons water waarin ons swem en dis genoeg om Christene te laat wens vir die wederkoms!
- Die onreg... die pyn... die frustrasie... die moedeloosheid.
 - Dit laat dalk ook jou vertrouwe as dissipel in God taan...
 - hier gebeur dan niks?...
 - ... wanneer gaan dit verby wees...
- Ja, almal wil hê dit moet verby wees.
 - En dis hoekom Jesus so populêr was.
 - Hy het die meeste gepraat oor God se koninkryk wat kom
 - vir regverdigheid en vrede,
 - as oor enige ander onderwerp.
 - En logies wou die mense weet: Wanneer!!
- En in Lukas 17 antwoord Jesus hulle vraag oor wanneer die koninkryk gaan kom. [Lees Luk 17:20-25]
- Jesus gee daar eintlik twee antwoorde.

- Vir die ongelowige godsdienstige leiers van die dag is sy antwoord:
 - Uhm... dis klaar hier ouens [Luk 17:21].
- Vir sy gelowige volgelinge sê hy:
 - ... niemand weet nie maar... maar dit kom beslis!
- Hoekom twee antwoorde?
 - Want Jesus se koninkryk van geregtigheid en vrede is aan die een kant reeds 'n realiteit wat slag gereed is vir ongelowiges om nou te ontdek...
 - maar nog nie heeltemal 100% dit waarna gelowiges uitsien nie.
- Ons noem dit die reeds-maar-nog-nie van God se koninkryk
 - Amper soos 'n klein seuntjie,
 - alreeds 'n mannetjie met manlike DNA...
 - maar nog nie ten volle 'n hardebaard man nie.
- En so ons vraag as vakleerlinge van Jesus in Vanderbijlpark is:
 - Wat nou maak intussen met die onreg wat ons nog beleef terwyl ons wag?
 - Hoe hanteer óns dit nou...
 - ...en wie gaan dit uiteindelik hanteer?
- Omdat Jesus weet dit gaan ons volgende vraag wees
 - gee hy ook die antwoord vir ons in Lukas 18 met 'n storie oor gebed: [Lees 18:1-8].
- Ons fokus nou uit hierdie gelykenis op 'n paar dinge:
 - Flou gebede verklap hoe jy oor God dink
 - Hoe jy oor God dink bepaal jou gebede
 - Jou verwagting oor geregtigheid

Flou gebede verklap hoe jy oor God dink

- In hierdie gelykenis
 - is die punt nie dat God soos die onregverdige regter is nie.
 - Dit punt is dat God juis *nie* soos die onregverdige regter is nie.
- As 'n korrupte regter op die soustrein met 'n *untouchable* houding
 - uiteindelik tog iets doen aan 'n arme weduwee tannie se onreg...
- dan moet jy weet dat God wat ligjare beter is,
 - tonne meer sal doen vir mense wat Hy self sy eie gemaak het
 - en dag en nag na Hom roep.
- Maar jy sien... dit gaan als oor verwagting.
 - Jesus wys dat jou flouerige gebed verklap hoe jy oor God dink.
 - As jy sou besef hoe groot en goed en ligjare meer hy die vermoë het om die onreg in jou lewe en in Suid-Afrika aan te spreek
 - – sal jy met hoop en volharding aanhou om na Hom te draai in gebed.
- As jy weet jou baas is regverdig, of jou skoolhoof
 - Dan sal jy mos nie huiwer om na hulle te draai as
 - 'n kollega jou idees steel
 - of as 'n onderwyser heeltyd net sy witbroodjie vir die span kies nie.
- Maar as jy nie veel dink van hulle regverdigheid nie

- Gaan jy sekerlik ook nie eers probeer om hulle by te roep nie.
- En eindig jy op moedverloor se vlakke.
- So, dink 'n bietjie oor
 - hoe jy voel en hoe jy bid
 - oor die dinge in jou lewe wat onregverdig is.
 - En sien daarin raak hoe jy oor God se vermoë dink.

Hoe jy oor God dink bepaal jou gebede

- Maar, dalk dink jy: “wat maak dit saak wat ek dink?”
 - As God wou en kon sou Hy mos lankal iets aan my situasie gedoen het!
 - Maar Jesus praat hier uit 'n wye hoek uit
 - Groot prentjie goeters wat oor eeue strek.
- Jesus praat hier met ons
 - In die konteks van hierdie hoofstukke
 - oor 'n God wat
 - op 'n planeet van 7 biljoen mense vol onreg
 - stadig maar seker besig is om in te breek
 - op 'n manier wat dit moontlik maak dat ons mensdom vol onreg,
 - waarvan jy ook een is,
 - nie maar net vernietig word vanweë ons onreg nie
 - maar sodat ons kan verander en deel in sy reg en vrede...
 - anders was ek en jy ook daarmee heen.
- Jy sien, God die regverdige is so goed dat
 - Hy regverdigheid ...op 'n genade manier bring.
 - Hierdie belangstelling en goedheid van God

- word deur Jesus onderstreep as Hy sê dat God dit beslis gou sal doen.
 - Maar hoe gou... ons wag al 'n rukkie?!
- Ons sien hoe God so gou as moontlik werk
 - sonder om genadeloos onmiddellik die reg te voltrek in 2 Petrus 3:8,9.

“⁸Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. ⁹Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.”

- God hoor beslis as jy roep, maar dis nie dat Hy nie wil of nie kan nie.
 - Hy wil en kan... maar Hy is ook genadig.
 - Hy is juis besig om sy koninkryk so vinnig te laat kom
 - ...as wat dit ook genadig is vir die mense wat jou onreg veroorsaak...
 - en ook vir jouself!
- Dis hoe groot en wonderlik en genadig God is
 - En dit behoort te raak hoe jy oor onreg in jou lewe met Hom praat.

Jou verwagting oor geregtigheid

- Dis eintlik Jesus se punt nog die hele tyd:
 - Dat ons aanhoudend in gebed met Hom sal praat oor onreg wat ons beleef
 - sonder om moedeloos te word [v1].
 - En dit gebeur net as
 - jy vertrou dat God iets wil en kan doen

- dat Hy besig is om iets te doen
 - en dat sy Seun wel weer kom om die onreg
waaroor jy bid finaal uit te sorteer.
- Vir 'n Christen om te bid oor onreg
 - is soos om daardie onreg op die lys te sit
 - van dinge wat Jesus gaan uitsorteer as Hy weer kom om finaal as koning te oordeel.
 - Dis hoekom Jesus hier op die einde die spesiale naam “Seun van die mens” vir homself gebruik.
 - Hierdie naam word die eerste keer gebruik in 'n visioen in die OT boek Daniel 7:9
 - waar Jesus, met die titel as “die Seun van die mens” – iemand wat soos 'n mens lyk – by God die Vader die absolute mag kry om te regeer.

⁹“Terwyl ek kyk, is daar trone reggesit, en Hy wat ewig lewe [die Vader-GvW], het op sy troon gaan sit. Sy kleres was so wit soos sneeu, sy hare soos skoon wol. Sy troon was van vuurvlamme met wiele van vuur. ¹⁰Vuur het uit die troon gestroom en verder gevloei. Duisende der duisende het Hom gedien, miljoene het daar voor Hom kom staan. Die hofsitting het begin, en die boeke met die aanklagte is oopgemaak.

...dan verduidelik dit hoe sekere vyande van God vernietig is, en gaan daarna verder...

¹³“... daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese. Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. ¹⁴Aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; sy koningskap sal nie ophou nie.”

- Sien, die geregtigheid waarvoor Christene bid

- is nie 'n selfsugtige geregtigheid dat
 - die ou wat my geld skuld self bankrot gaan
 - of dat die ou wat my foon by die robot gesteel het deur 'n kar omgery word nie.
- Gebed vir geregtigheid is wat Lukas beskryf in hoofstuk 11: “Laat U koninkryk kom”
 - Dat die *Seun van die Mens* as Koning van die kosmos,
 - teenoor wie daardie persoon in die eerste plek verkeerd maak,
 - sal kom om vrede te bring
 - en uiteindelik die onreg te hanteer.
- En dáárin vind 'n Dissipel se hart rus –
 - Al die onreg wat jy beleef SAL hanteer word. [x2]
- En so bedoel Jesus met v8 dat
 - die Seun van die mens sal kom om te doen wat moet...
- maar Jesus vra vir my en jou 'n teenvraag?...
 - of Hy dan nog mense sal kry wat met hierdie geloofsperspektief lewe.
- En Jesus vra dit vir ons vandag...
 - nie omdat Hy nie die antwoord ken nie
 - maar om te waarsku dat
 - ons nie soveel eerder ander selfsugtige maniere soek om onreg te hanteer...
 - as om in geloofsvertroue dit vir die regverdige maar genadige Regter te los.
- Sien, dis juis die goeie nuus dat ons onreg vir Hom moet los:
 - Want... jÓU onreg is ook op daardie lys.

- Êrens in jou lewe het jy ook iemand anders 'n onreg aangedoen.
- En as Hy dit onmiddellik moes uitsorteer ...was jy ook in die sop.
- Die Seun van die mens het al gelukkig eenkeer gekom
 - en sy koninkryk afgeskop met die boodskap dat
 - vir elkeen wat sy eie ongeregtigheid erken en bely...
 - daar geen vonnis meer voor is nie
 - ... en as jy nou al daarvan deel is,
 - sal jy eendag gereken word as iemand wat daarvan deel is.
- En dis presies wat Jesus in die volgende gelykenis aanspreek
 - met die korrupte-tollenaar wat op sy bors slaan en smeeke vir genade [18:9-14]
 - en wie se saak onmiddellik nie meer on-reg is nie, maar reg is.

Nie-Christen

- As jy nie 'n Christen is nie
 - hoop ek jy hoor dat die rede hoekom God nie onmiddellik in die gemors op aarde ingryp nie...
 - is vanweë sy goedheid...
 - en nie omdat Hy nie kan of nie wil nie.
- Ek hoop jy hoor ook dat
 - alle onreg hanteer sal word.
 - ...of jy betaal jou eie rekening.
 - Of dit kom op Jesus se rekening in die geval van mense wat hulle eie onreg en sy goedheid erken...
- Ek hoop daardie goedheid roep jou vandag nader?

Slot

- Onreg is die water waarin ons elke dag swem.
- Hoe jy op die oomblik daarvoor bid hang af van jou prentjie van God
- Solank die Here wegbly en jy onreg ervaar hoef ons nie moed te verloor nie.
 - God is baie beter as wat ons meestal dink
 - Verstaan met watter hart Hy dit doen...
 - bid moedig dat sy Koninkryk sal kom...
 - En weet dat dit beslis sal kom
- Koop intussen die tyd wat Hy gee uit
- Dis nie stilsit-en-wag-tyd nie, dis bid en werktyd...
 - hier in Vanderbijl waar daardie einste onreg jou so ontstel...
 - maar ook waar sy koninkryk van geregtigheid aan die kom is.

Amen

Griffel van Wyk
Vanderbijlpark
5 Junie 2016